Hoërskool Schoonspruit

Ontwerp jou toekoms !

TOELATINGSBELEID EN PROSEDURE 2024

Hierdie dokument word saam met die leerder se inskrywingsvorm bewaar

VERKLARING, ONDERNEMING, TOESTEMMING

1. Ek,die ondergetekende, **VERKLAAR**

1.1 dat al die inligting deur my in hierdie aansoekvorm verskaf, en alle dokumentasie deur my by die aansoek aangeheg, na die beste van my wete volledig en korrek is;

1.2 dat ek my deeglik vergewis het van die volledige inhoud van die skool se toelatingsbeleid, gedragskode en taalbeleid op grond waarvan toelating gebaseer word;

1.3 dat ek begryp en aanvaar dat toelating van die betrokke leerder onderworpe is aan die bindende onderneming deur my in paragraaf (2) hieronder gegee.

2. Ek, die ondergetekende, **ONDERNEEM**

2.1 dat ek die skool skriftelik en binne ‘n redelike tyd in kennis sal stel, indien my adres en/of telefoonnommer verander of indien enige wesenlike feit wat die skoolbywoning van die leerder raak, intree;

2.2 dat ek die skool skriftelik en betyds in kennis sal stel van enige aansteeklike siekte van die leerder of ‘n ander persoon in die huishouding waarvan ek deel is;

2.3 dat ek alle redelike stappe sal doen om te verseker dat die betrokke leerder die skool bywoon op al die dae wat hiervoor bepaal is;

2.4 dat ek ten alle tye alle redelike stappe sal doen om te verseker dat die betrokke leerder alle bepalings van die skool se gedragskode stiptelik nakom of daaraan voldoen.

2.5 dat indien die leerder toegelaat word en ek skoolfonds moet betaal, ek die dokumentasie in hierdie verband deur die skool voorberei, sal onderteken en die skoolfonds sal betaal soos daarin onderneem word;

2.6 dat ek die leerder uit die skool sal neem, indien toelating op grond van ‘n wesenlike wanvoorstelling verkry is of indien voorlopige toelating nie bekragtig word nie;

2.7 dat die leerder se taalregte in die skool volgens die skool se taalbeleid uitgeoefen sal word.

3. **Ek, die ondergetekende, verleen hiermee *toestemming* dat die betrokke leerder aan al die goedgekeurde buitemuurse aktiwiteite van die skool, insluitende toere en uitstappies van 'n opvoedkundige aard, mag deelneem.**

HANDTEKENING:

_____ **_____**

OUER 1 / VOOG **OUER 2 / VOOG**

DATUM: **_____**

Ek, _____, as leerder van Hoërskool Schoonspruit onderneem om my te hou by die skool se toelatingsvereistes en die verpligtinge wat dit vir my as leerder meebring. Ek onderneem om die gesag van die personeel te aanvaar en die skoolreëls te gehoorsaam.

_____

HANDTEKENING : LEERDER